

11 Februarie 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 2

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Oor versoeking en geheueverlies

**Die media berig gereeld oor prominente mense se vergrype van die een of ander aard. In die onlangse verlede was verskeie sporthelde in die spervuur, terwyl sommige vermaaklikheidskunstenaars ook deurgeloop het.**

Tans woed 'n storm oor die kop van president Jacob Zuma oor sy verwekking van 'n buite-egtelike baba by die 39-jarige Sonono Khoza. Hy het die afgelope naweek die land en sy mense om verskoning gevra en erken dat sy optrede tot nadeel van die land gestrek het. Dit is ook nie die eerste keer dat hy in omstredenheid gedompel is oor beweerde seksuele eskapades nie. Verder is daar die afgelope weke ook baie aandag gegee aan sy lewe as poligamis.

Alle prominente mense in die samelewing moet weet dat daar dubbele rekenskap van hulle geëis word. Hulle funksioneer as rolmodelle vir baie mense, terwyl kritici soveel meer bedag is op hulle doen en late. Prominente mense is net so vatbaar vir tydelike geheueverlies wanneer versoekinge toeslaan as enige ander mens. Wat word met tydelike geheueverlies bedoel? Dit is wanneer versoekinge jou so oorweldig dat jy vergeet wie en wat jy is en jou gewoon aan die versoeking oorgee. Daar vind 'n tydelike identiteitsverlies plaas wanneer drifte en drange jou stormenderhand verower.

Is dit nie wat die versoeker met Jesus wou regkry toe Hy vir veertig dae in die wildernis aan versoeking blootgestel was nie? Die Satan wou Jesus laat vergeet wie Hy is en wat sy roeping alles ingehou het. Die versoekinge was gefokus op liggaamlike behoeftes, die behoefte aan mag en die sug na heerskappy. Jesus het hom elke keer getroef en baie duidelik gewys op die wil van God. Daardeur het Hy onherroepelik gedemonstreer dat Hy die Seun van God is.

Daarteenoor vergeet volgelinge van Jesus maklik wie hulle is en wat hulle ware roeping behoort te wees. Die regeerder vergeet dat hy/sy in diens van die land is en te alle tye 'n waardige voorbeeld moet stel. Die sportheld vergeet dat hy/sy 'n rolmodel vir soveel jongmense is. Die predikant vergeet dat hy/sy in diens van die lewende God staan en dat gemeentelêde 'n waardige voorbeeld wil navolg. Die eggenoot wat toegee aan ligte flirtasies by die werk vergeet kortstondig van sy/haar getroude status.

Hierdie soort geheueverlies is soveel meer gevaarlik wanneer Christengelowiges daarin vasval. Hoeveel kere getuig sporthelde en vermaaklikheidssterre byvoorbeeld oor hulle geloof, en maak hulle net daarna skuldig aan die een of ander vergryp. Dit veroorsaak gewoonlik 'n opskudding in die media terwyl die kleivoetige held alles heftig ontken en verdere gerugte koorsagtig wil toesmeer. Wanneer daar by geestelike leiers 'n morele inploffing van watter aard ook al plaasvind, het dit 'n rimpeleffek deur die hele geloofsgemeenskap en is daar geen sprake van enige geheueverlies nie – daarvan getuig die stories wat vir etlike jare daarna nog die ronde doen.

Prominente mense wat geloofwaardig leef, verdien respek en agting. Hulle moet egter onthou dat daar groter verantwoordelikheid van hulle verwag word en dat dubbele rekenskap van hulle geëis gaan word wanneer hulle hul medemens faal.



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

Ds André Ungerer

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

### Beroep ontvang

- **Ds Mariaan Delport** van Krugersdorp (deeltyds) na Sionspoort (deeltyds)



Ds Mariaan Delport      Ds At Mc Donald

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds At Mc Donald** sou eersdaags 'n operasie ondergaan, maar dit is vir eers gekanselleer.

- **Ds Hennie Aucamp** is deur 'n pofadder gepik. Hy reeds geruime tyd in die hospitaal, maar onder omstandighede gaan dit goed met hom.

- Ds Annerie Conradie van Gemeente Culembееck se moeder, **Bes Conradie**, sterk aan na 'n rugoperasie. Sy is 'n ouderling in Gemeente Wonderboompoort.

- **Ds James Jooste se moeder** is Sondag oorlede. Sy het hartversaking gehad. Die begrafnis het Donderdag om 11:00 plaasgevind vanuit Gemeente Groeneweide in Germiston. Ons meeleving gaan aan ds Jooste en sy familie.

- **Mnr Willem van Eck** wat lank by die Sinodale Kerkkantoor werksaam was, onder meer as regsadviseur, is verlede week oorlede. Hy was lidmaat van Gemeente Potchefstroom. Meeleving word met sy naasbestaendes betuig.


- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens:

- |                           |   |
|---------------------------|---|
| o Vrydag 12 Februarie:    | Ds Pieter Viljoen                                       |
| o Sondag 14 Februarie:    | Di Larry van der Walt, Eddie Vosloo en prof Piet Venter |
| o Maandag 15 Februarie:   | Ds Johan Viljoen  |
| o Woensdag 17 Februarie:  | Ds Danie Struwig  |
| o Donderdag 18 Februarie: | Ds Peet Esterhuizen en dr Piet van Staden               |
| o Vrydag 19 Februarie:    | Di Petri de Kock, Herman Gothan en PM Smith             |

- **Ds Neels van Tonder** en twee van sy lidmate van Gemeente Buffelspoort besoek die lidmate in Bulawayo van 12 tot 15 Februarie. Dit is die eerste keer dat ds Van Tonder die **lidmate in Zimbabwe** besoek. Hy sal ook Sondag die erediens in Bulawayo lei.


- **Gemeente Makarios** in Kemptonpark neem op **Sondag 14 Februarie** hul **voltooid kerkkompleks** feestelik in gebruik. Prof Ernest van Eck sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) groete en gelukwense oordra.

- Aan die einde van verlede jaar is **ds Thinus van Staden** van Gemeente Montana se lied *Weerskante van die ruit* deur Tinus Esterhuizen van RSG aanbeveel vir die *Diep 7-* album wat pas uitgereik is. Dieselfde lied is in die eerste uitgawe van *Vrouekeur* vanjaar aangewys as een van die 20 beste ballades van 2009. Besoek gerus Thinus se webwerf by [thinusvanstaden.co.za](http://thinusvanstaden.co.za) om na kort uittreksels van die CD te luister. Die musiekvideo van *Weerskante van die ruit* is te sien by die skakel <http://www.facebook.com/video/?of=766403344>.





Prof Malan Nel



- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of [andre.botma@telkomsa.net](mailto:andre.botma@telkomsa.net), of Clarence Marks by 012 379 6898 of [nhktuine@gmail.com](mailto:nhktuine@gmail.com).
- In 1986 het **prof Malan Nel** die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA onderneem. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** is nommer 9 onder sy leiding. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes en 6 teologiese seminaria. Luister na die insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers. Skryf aan [m.mcnel@mwebbiz.co.za](mailto:m.mcnel@mwebbiz.co.za) vir meer inligting.
- **Lekkerkerker** is 'n kubertuiste vir jongmense, waardeur die Woord van die Here verkondig en gelowige jongmense aan mekaar gebind word. **Jongmense:** Gaan kyk by [www.lekkerkerker.blogspot.com](http://www.lekkerkerker.blogspot.com) en word deel van ons. **Gemeentes:** Plaas hierdie beriggie asseblief in jul afkondigingsblaadjie en help ons om gelowige jongmense van oor die wêreld met mekaar in kontak te bring.
- Op **Sondag 14 Februarie** word landwyd dankdienste gehou om die 70ste bestaansjaar van die **NHSV** te vier. Die Kommissie van die AKV het goedgekeur dat die deurkollekte van dié Sondag aan die NHSV-hoofbestuur sal gaan. Die fondse sal aangewend word vir die Monumenttehuise van die NHSV asook vir beurse en lenings vir Hervormde studente. 'n Kort boodskap van die Hoofbestuur sal voorgelees word.
- Gebruikers van die **Almanak** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za), sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Wysigings wat ontvang word, sal een maal per maand in die *e-Hervormer* gepubliseer word. Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by [papp@biblesociety.co.za](mailto:papp@biblesociety.co.za).

## Konserte en damesbyeenkomste

- **Oorwinningskinders:** 'n Konsert met jong Hervormers word aangebied deur die Ringsdiakensvergadering en die NHSV Balfour. Die optrede vind **Saterdagoggend 13 Februarie** plaas ten bate van **armoedeverligting**, in die kerksaal van Gemeente Balfour. Kospakkies sal ook voorsien word. Navrae kan gerig word aan Zelda van Tonder by 083 453 0950. Die oggend word geborg deur die NHSV-hoofbestuur. Vir optredes, skakel mev Marita Fourie by 082 486 2420.
- **Gemeente Zeerust** bied 'n **feeskonsert** aan met Musica Festiva onder leiding van Eddie Davey. Kom geniet die musiek van die orrel, twee trompette en 'n bariton. Dit vind plaas in die kerkgebou van die gemeente op **Sondag 28 Februarie** om 14:45 vir 15:00. Die kleredrag is netjies informeel, en die prys R60 vir volwassenes en hoërskoolkinders en R40 vir ander kinders. Kaas en wyn word na afloop van die konsert in die kerksaal aangebied.

## Kampe en toere

- **Kom toer saam met Konteks.** Daar is net enkele plekke oor. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.
- Daar is ook nog net 'n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum



is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of [nhrngzpg@mweb.co.za](mailto:nhrngzpg@mweb.co.za).

- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of [hjbotes@worldonline.co.za](mailto:hjbotes@worldonline.co.za).

## Sportbyeenkomste en -kompetiesies

- **Gemeente Mafeking** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Saterdag 27 Februarie** by die Leopard Park Gholffklub in Mafikeng. Belangstellende deelnemers en borge kan die hooforganiseerder, Pokkels Ackerman, by 082 555 0683 of [sheriffmolo@hotmail.com](mailto:sheriffmolo@hotmail.com) kontak.
- **Van Rensburg Monumenttehuis** vir bejaardes in Pretoria-Wes bied hul 13de **Klap 'n Tekkie pretloop** aan by die Fonteine in Pretoria op **Saterdag 27 Februarie**. Maak dit 'n gesinsuittappie en kom stap die 1, 5 of 10 km in die skaduryke en veilige omgewing. Vir meer inligting, besoek die webblad by [www.klapntekkie.co.za](http://www.klapntekkie.co.za), of kontak Elma du Plessis by 012 377 0786, 082 954 7955 of [ruelma@vodamail.co.za](mailto:ruelma@vodamail.co.za), Marietjie Aldum by 082 495 3350, 012 807 6652 of [marietjie@aldum.co.za](mailto:marietjie@aldum.co.za), of Magda Bolton by 082 391 6587 of 012 807 4835.



## Basaars en markte

- **Gemeente Grootvlei** in Pretoria hou op **Vrydag 26 Februarie** 'n Mieliefees op hul kerkterrein. Maalvleis en boerewors word verkoop teen R30 per kg. Indien 'n persoon genoeg bestellings plaas (meer as 100 kg), sal die vleis by hom/haar afgelewer word (net in die Pretoria-omgewing). Bestellings kan geplaas word by die gemeentelike kerkkantoor, by 082 838 6303. Alle bestellings moet hulle voor of op Maandag 22 Februarie bereik.

## ANDER NUUS

- Die internasionaal bekende **Kerkregkenner van Nederland, prof Leo Koffeman**, hou gaslesings by Stellenbosch en UP. Hy ontmoet ook die NHKA op **Vrydag 12 Februarie** om 09:30 vir 'n gesprek en lesing. Die tema is **Ekklesiologie en Kerkorde**, en dit vind plaas in die **Seminaarlokaal, Barton Keep** (by die Sinodale Kerkkantoor). Alle belangstellendes moet by dr Wim Dreyer by [wadreyer@nhk.co.za](mailto:wadreyer@nhk.co.za) bevestig as hulle die geleentheid gaan bywoon.
- Daar bestaan tans 'n **vakature vir pleegouers** in die Diakonale Pleegsorghuis **Elsburg**. Die datum van diensaanvaarding moet verkieslik nie later wees as **1 April 2010** nie. **Aansoeke sluit op 20 Februarie 2010**. Die vereistes is onder andere dat dit 'n getroude egpaar van verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud moet wees, dat hulle lidmate van die Hervormde Kerk moet wees, en oor goeie gesondheid moet beskik. Hulle moet ook 'n aanvoeling vir kinders hê. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning en versorging binne die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of dr Jan Oberholzer by 012 322 8885 (w) of 082 851 1081 vir meer inligting.
- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303;





e-pos [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za). Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Saterdag 13 Februarie: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV)
  - Maandag 15 Februarie: Raad vir SENTIK en Raad vir Regsadvies
  - Dinsdag 16 Februarie: Direksie en Finkom van Die Ondersteuningsraad, en Raad vir Regsadvies
  - Woensdag 17 Februarie: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek
  - Donderdag 18 Februarie: Moderamen van die AKV

## KOMMENTAAR

“Ek stem saam met prof Geysers insake die waarskuwingsligte wat flikker (voorblad, 4 Februarie). Die eerste teken is wanneer ’n *Big Screen* geïnstalleer word. Daar word baie onsinnige redes op ’n gemeentevergadering gegee vir so ’n besluit, soos om beter te kan sing. Ek glo dat dit juis die lidmate is wat skaam is om met ’n Liedboek en Bybel in die openbaar gesien te word, wat hierdie elektroniese god met ope arms ontvang. Sodra dit geïnstalleer is, sal die res geleidelik insluip. Die goeie ou gewyde eredienste bestaan nie meer nie.

Dankie vir die *e-Hervormer*.”

**Geïrriteerde lidmaat**

“Baie dankie vir die praguitgawe van 28 Januarie. Vir my is die hele *e-Hervormer* puik leesstof. Doe so voort.”

**Mev Marthie Coetzee, Gemeente Kruin**

“Hiermee my dank vir ’n uitstekende publikasie. Ek kan nie wag vir ’n Donderdag om die *e-Hervormer* te kan lees nie.”

**Karin Janse van Rensburg**

## ADVERTENSIES

Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Kontak mev Tessa Oppermann by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za) vir meer inligting.

## AGTERBLAD

Die **NHSV** vier op **22 en 23 Mei** hul **70ste** verjaardag. Gedurende hierdie feesjaar is hul nuwe briefhoof in gebruik geneem, met die getal 70 ingeweeft in die logo. ’n Kalender vir 2010 is saamgestel deur die redaksie van *Die Christelike Vrou*, en in die Mei-uitgawe van *Konteks* verskyn ’n bylaag oor die NHSV. ’n Nuwe glansbrojyre is ook so pas vrygestel.

Besoek die webblad [www.nhsv.co.za](http://www.nhsv.co.za), of kontak die Hoofbestuur vir meer inligting by [nhsvhoofbestuur@nhk.co.za](mailto:nhsvhoofbestuur@nhk.co.za).



Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx